F54/1687/2 I 166

G.P.-S.45074—1963-64—2,000-100. S.

B.A. 197.

166

DEPARTEMENT VAN BANTOE- ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING.
DEPARTMENT OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT.

# MEMO.

A.A.B. 7/1/65

Lêer No.
File No. F. 54/1687/2

DIE HOOF : BANTOETUISLANDBETREKKINGE.

Dit is duidelik dat daar by hierdie stam nie duidelikheid bestaan oor die erfopvolging van die kaptein nie. Toe die kwessie van 'n opvolger vir kaptein Malesele ter sprake gekom het in 1930 (f.66 lêer 76/55), was daar twee moontlikhede nl.:

(a) dat Charles Solomon, seun van Malesele by Masalathabeng, 'n vrou van sy eie keuse, kon oorneem as volwaardige kaptein of;

(b) Malesele se volbroer Motato kon waarneem en 'n opvolger verwek by die stamvrou Matsape.

Argumente ingebring deur die hoofmanne ten gunste van Solomon was dat:

(a) [illegible]

(b) dat Malesele se moeder eintlik ook nie 'n stamvrou was nie met ander woorde, dat daar nie streng gehou is aan die gebruik om stamvrouens te trou nie. (f. 64 lêer 76/55)

Die stam het egter berus by die besluit van die komitee van ondersoek (f.66) nl. dat Motato moet waarneem en Solomon het die stam met 'n klein gevolg verlaat. 'n Opvolger is verwek nl. Ramôba, maar is oorlede in 1939 op agtjarige ouderdom. Motato het voortgegaan om waar te neem tot met sy dood in 1949. Gedurende sy regentskap het dr. Van Warmelo navorsing gedoen en 'n artikel oor die stam gepubliseer waarin sy segsmanne beweer het dat Solomon se ma, Masalathabeng, eintlik vir Malesele se vader, Ramôba, getrou is en dat Solomon gebore is uit 'n buite-egtelike verhouding voordat die huwelik voltrek is. Hoeveel waarheid hierin steek is vandag moeilik te bepaal. Dit is egter moontlik dat die storie versprei is om Solomon in absolute onguns te bring en op die wyse stameenheid te probeer bewaar.

Na die afsterwe van Motato, het Solomon en sy aanhangers weer 'n poging aangewend om die kapteinskap te bekom. Dog die stam het eenparig besluit dat Freddie, seun van Mmute, die ouer broer van Motato, moes oorneem as kaptein in sy eie reg of as waarnemer vir iemand wat hy nog moes verwek. (f.95 lêer 76/55)

As hy goed regeer het sou dit waarskynlik die end van die stryd gewees het. Blykbaar was dit nie die geval nie. Na verneem word is 'n stamowerheid ingestel waarop die hoofmanne nie verteenwoordig is nie. Hierdie s/o het beplanning aanvaar en 'n plan is opgestel wat blykbaar nie vir die stam en die hoofmanne aanvaarbaar is nie.

south african history archive

2/1657/1 I 6/165

165



Na verneem word is die hoofmanne al vir geruime tyd ten gunste daarvan dat Solomon met die regte stamowerheid moet oorneem.

Damane, die seun van Motato, het geen aanspraak op óf die kapteinskap óf waarnemende kapteinskap nie en dit is nie duidelik waarom die Johannesburgers hom nou steun nie.

ETNOLOOG.
2/11/65.

south african history archive
SAHA